



DEURMEKAAR MAAR TOG DAAR

Die proses om Mei se *Die Kandelaar* klaar te kry, was deurmekaar. Daarom verskyn dit nou eers op die eerste Sondag van Junie (hoop ons) ipv op die laaste Sondag van Mei. Die grootste rede daarvoor is dat ons vir byna 3 weke met vakansie was en eers laat op 14 Mei weer terug was in die gemeente – sien, 'n mens moenie met vakansie gaan nie! Maar ag, dit was 'n heerlike en leersame vakansie.

Nog 'n rede was 'n predikantekonferensie wat di Petro en Gideon moes bywoon en daarna die stukkie verlof wat hulle geneem het. Daarby was Adriaan Nel en Adél Klerck noodgedwonge ook weg uit die gemeente vir 'n week wat alles meebring het dat die kerkraadsvergadering van 24 Mei uitgestel moes word na 31 Mei. En die koue wat deur die welkome reën gebring is, het almal dalk bietjie traag gemaak om behoorlik aan die gang te kom?! Geen kritiek op enigeen of enige gebeure nie – so verloop die lewe soms maar – maar dit het tog die prosesse in die gemeente en ons bymeekaarmaak van stof vir *Die Kandelaar* geknou.

Nietemin, hier is die nuwe uitgawe na 'n sukkelende “kraam-proses”. Ons hoop julle geniet hierdie “winterbaba”. In die lig van die heersende debat in die samelewing oor rassisme en verwante

sake, is artikels geplaas wat daarmee verband hou: van dr Langner se treffende preek op 22 Mei in ons gemeente en artikels uit *Kerkbode* tot selfs 'n artikel uit die dagbladpers oor die vreemde rol van gelowiges in 'n vreemde samelewing.

Daan en Jansie Kilian.

OP REIS (9) – EGIPTE

Egipte is 'n vuil land. Die indruk wat 'n mens kry, is dat die land ver is van die eens magtige koninkryk waarvan 'n mens in die Bybel lees. Die televisieprogramme wat oor Egipte handel, wil 'n mens telkemale oortuig dat die beskawing van die antieke wêreld geweldig hoog was en dat die bouwerk wat toe gedoen is nie maklik vandag geëwenaar kan word nie. Om 'n sarkofaag (marmergraf) te maak uit soliede klip en dit so eweredig te kry, om piramides te bou waarvan elke rotsblok etlike ton weeg, is werklik 'n prestasie. Dit is waarlik so dat jou mond oophang wanneer jy voor die piramides van Giza staan en bly vra hoe die mense dit kon regkry.

Die eerste kennismaking met die mense van Egipte het my aan die twyfel. Sodra jy deur die doeanes stap, is daar vriendelike mense wat jou groet. Hulle stel hulle voor en bring jou onder die indruk dat hulle van die Departement van Toerisme is en dat hulle jou sal help met jou reisreëlings. Terwyl ek die vrymoedigheid gehad het om saam met Petro ons eie reisreëlings te tref om deur Turkye te reis, was ek werklik skepties en onseker oor Egipte. Ons het gekies om aan te sluit by 'n toer wat

deur die G Adventures gereël is, aangesien ons ook graag na Petra in Jordanië wou reis. Dit was die enigste toer wat ons deur beide Egipte en Jordanië sou neem, daarom kies ons om liewers in die Arabiese wêreld op 'n georganiseerde toer te gaan. Die uitdaging was om van die lughawe tot by die hotel te kom. Hierdie sogenaamde lede van die Departement van Toerisme het 'n buitensporige bedrag gevra vir ons vervoer. Sulke tye verlang jy na jou karretjie!

Ons stap eenvoudig uit en begin navrae doen en klim uiteindelik op 'n bus wat ons na die middestad van Kaïro neem. Dit kos ons 'n fraksie van die prys. Toe klim ons in 'n driewielmotorfiets en hy gaan laai ons weer 'n ent verder af, op sy beurt wil hy ons bedrieg en nie vir ons die regte kleingeld gee nie. Die besef word sterker dat hierdie mense 'n oorlewingsbestaan voer en dat die toeriste mense is uit wie jy iets moet kry.

Uiteindelik, met 'n laaste rit met 'n huurmotor, kom ons by die hotel uit. My droom was nog altyd om by Alexandrië uit te kom, maar teen dié tyd is ons realisties genoeg om te besef dat dit nie moontlik gaan wees nie.

Ons ontmoet ons toergeselskap, 'n groep jongmense hoofsaaklik uit Amerika en een uit Australië. Ons gaan vir die volgende twee weke in mekaar se geselskap wees. Die gids praat goeie Engels en sy eerste taak is om ons almal positief te beïnvloed oor sy land en sy mense. Na die val van die regering van Sadat en nadat die weermag oorgeneem het, het die toerisme bykans tot 'n stilstand gekom. Van die ± 60 luukse vaartuie op die

REDAKTEURS: Daan en Jansie Kilian

E-pos: daankilian@gmail.com/jansie@cpro.co.za

Telefoon: (012) 667-6929

sel: Daan 083-442-1250/Jansie 073-179-3295

Taalversorging: Chris Calitz

Medewerker: Jaco Kriek

Nylrivier is daar 5 of 6 wat in bedryf is.

Egipte bly belangrik, dit is waar alles begin het

Ds Gideon.

GESKIEDENIS IS NIE 'N WAPEN NIE

(Hierdie is 'n preek wat dr Langner in ons gemeente gelewer het op 22 Mei 2016.)

2 Samuel 21

Die hoogte, die breedte en die diepte van ouerliefde word net deur God op Golgota oortref. Daar is geen liefde wat sterker is as die liefde wat ouers vir hulle kinders het nie. 'n Kind hoef nie sy ouers se liefde te verdien nie. 'n Pa en ma het nie hulle kinders lief omdat hulle hulle so goed rugby speel of op skool presteer of so mooi klavier speel nie. Ouers het hulle kinders onvoorwaardelik lief, net soos hulle is. Ouers sal alles menslik moontlik opoffer sodat hulle kinders 'n goeie toekoms kan hê.

Ongeveer 1000 vC het op 'n heuwel in Gibea 'n afgryslieke daad plaasgevind wat die grense van ouerliefde uitgedaag het.

Dit is 'n verhaal met 'n lang historiese aanloop.

In die tyd van Josua, toe Israel Kanaän beset het, het die Israeliete 'n vredesverdrag met die Gibeoniete gesluit met die belofte dat hulle en hulle kinders nie doodgemaak sal word nie, maar dat Gibeoniete hulle slawe sou wees.

Koning Saul het die eeue oue verdrag verbreek en die Gibeoniete doodgemaak.

Na drie jaar van droogte het die leiers na jong koning Dawid gegaan en wraak teen Saul se nageslag geëis.

Sonder om die Here te raadpleeg, het Dawid die historiese skuld van

Israel teenoor die Gibeoniete betaal met die lewe van **sewe seuns**. Die vyf kleinseuns van Saul se dogter Merab, en ook Armoni en Mefiboset die seuns van Saul se vrou, Rispa. Kinders moet sterf vir die onreg van hulle vaders.

Dit was ook slim politiek. Dawid gebruik die geskiedenis as wapen om sy wankelrige koningshuis te bevestig en enige aanspraak op die troon deur potensieel ander troonopvolgers voorkomend te vernietig.

Boonop is die afgryslieke daad deur 'n godsdienstige vroomheid versag. Hierdie sewe seuns sal voor die Here op 'n berg aan 'n skandpaal opgehang word as teken dat God en mens, hemel en aarde hulle verwerp. In die naam van die Here moet kinders die prys van die verlede betaal.

Rispa het nie saamgestem nie.

Sy het nie gedink dit is reg dat kinders moet sterf vir die sondes van hulle vaders nie.

Omdat sy 'n ma is, 'n ouer is, met 'n ouerhart na haar seuns kyk, deins sy nie terug voor die skande en afskuwelikheid van die daad nie.

Toe almal hulle rug op haar seuns draai, gooi sy haar rouklere voor God oop.

Toe almal rondom die skandpaal juig, pleit sy om genade vir haar kinders.

Omdat Rispa iets van die hartklop van God se weergalose ouerliefde verstaan, begin sy met haar bomenslike taak van ouerliefde. Hoe sy dit reggekry het, weet ek nie, maar die dogter van Aja, vrou van Saul, 'n koningin van Israel het onafgebroke, onvermoeid van die oestyd af totdat die reëntyd aangebreek het, dag en nag tussen die lyke van haar seuns gehardloop van skandpaal tot skandpaal sodat die roofvoëls

bedags en die roofdiere snags nie aan hulle lyke vreet nie.

Toe koning Dawid van hierdie onselfsugtige daad van ouerliefde hoor, was hy so ontroer dat hy vir Saul en sy seuns en sy kleinseuns eervol begrawe het in hulle pa se graf.

Eers toe is 'n oneervolle verlede met eer herstel. Eers toe het dit weer gereën in die land. Eers toe het die Here die land geseën.

Vandag worstel ons steeds met die **vraagstuk van historiese skuld**. Dit is steeds een van die mees aktuele, maar moeilikste vraagstukke van ons tyd.

Dit maak nie saak of jou invalshoek die onreg van die konsentrasiekampe tydens die Anglo-boereoorlog, apartheid, of die swart teen swart geweld van die People's war tydens die tagtiger en negentigerjare is nie, die akute vraag bly steeds: wat maak ons met die pyn van 'n gebroke verlede?

Ons kan soos Dawid en die Gibeoniete geskiedenis as 'n wapen gebruik. Vir Dawid was die geskiedenis 'n politieke wapen en vir die Gibeoniete 'n wapen om wraak te neem.

Ons beleef elke dag hoe geskiedenis as wapen gebruik word.

Met geskiedenis as wapen word mense geëtiketteer, in die beskuldigdebank geplaas, of in die hoeke van die verlede vasgeverf.

Standbeelde word bestorm, skoolgeskiedenis herskryf, erfgoedere geplunder.

Dorpsname, straatname, gebouname, skoolname, provinsie-name sneuwel.

Kampusse brand.

Afrikaans word op die regbank, in die staatsdiens en as universiteitstaal vermoor.

Historiese skuld word as

verskoning gebruik vir misdaad, korrupsie, gruwelike plaasmoorde, geweld en afbreek.

Verhoudinge bloei.

Kinders betaal die prys van die verlede deur die ideologie van rasse-transformasie en regstellende aksie wat hulle van 'n toekoms beroof.

Alles in die naam van eenheid, geregtigheid en versoening.

Of ons kan geskiedenis as koerswyser vir 'n beter toekoms gebruik. Daarmee help die Bybel ons.

Die Bybel praat nie die verhale van onreg en sondes en foute weg nie. Die Bybel ontken nie mense se pyn of woede wat in die verlede opgesluit lê nie. Die Bybel is radikaal eerlik daarvoor. Gaan lees maar die verhale in Rigters, Samuel en die kronieke van Israel se Konings. Ons moet ook radikaal eerlik daarvoor wees.

Die Bybel herinner ons egter: wraak neem en wraak soek bring nie die Here se seën nie. Wraak bring nie reën in 'n land nie.

Die Bybel wys dat Rispa se daad van ouerliefde die droogte in Israel gebreek het, maar God se daad van ouerliefde het die verskil aan die geskiedenis van die wêreld gemaak.

Ons Vader kon dit nie oor sy ouerhart kry om sy kinders in sonde-droogte te laat ly nie. Die Vader het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy enigste Seun gestuur het om op 'n heuwel aan 'n skandpaal te hang. Anders as Rispa het Hy nie ingegryp toe die roofvoëls en roofdiere sy Seun aan die kruis verskeur nie.

Geen kind hoef meer die prys van die verlede te betaal nie.

Hy het klaar die skuld betaal. Die verlede se skuld. Ouers se skuld. Kinders se skuld. Gemeenskappe

se skuld. Wittes se skuld. Swartes se skuld. Almal se skuld.

Die skuld is klaar betaal. Dit is volbring. Dit is die evangelie.

God se weergalose ouerliefde is die alternatief vir die hantering van ons moeilike historiese vraagstukke:

Die alternatief van soek allereers die koninkryk van God.

Die alternatief van doen aan ander wat jy aan jousef gedoen wil hê.

Die alternatief van moenie die splinter in jou broer se oog soek, terwyl jy blind is vir die balk in jou eie oog nie.

Die alternatief van sout en lig wees in 'n donker en onsmaklike tyd.

Mense wat met God se ouerhart na mekaar kyk, kyk ook anders na die verlede en anders na die toekoms. Hulle word vredemakers, sagmoediges, barmhartiges, rein van hart, verdraagsaam en regverdige genoem.

Wie in Suid-Afrika kan die eerste klip oor die verlede optel om die ander daarmee te gooi?

Dit kan weer reën in ons land. Ons kan weer die Here se seën ervaar. Mits ons soos Koning Dawid die onreg van die verlede met eer begrawe.

Dr Danie Langner.

IN 'N VREEMDE SAMELEWING LEI DIE VREEMDES

“Hy het van sy kop geraak!” Nee, dis nie 'n ma wat oor haar tiener kla of 'n uitspraak oor 'n politikus nie, dit is wat Jesus se eie familie oor Hom te sê gehad het – in Markus 6:21.

Die Fariseërs en skrifgeleerdes het dit nog krasser gestel. Hulle was van mening dat hy besete was. Op 'n ander plek noem hulle Hom 'n vraat en 'n wynsuiper.

Jesus het vreemde dinge gedoen, vreemde dinge gesê en op vreemde plekke uitgehang. Soveel so dat mense van sy tyd, veral die godsdienstige leiers, begin dink het daar is iets ernstig fout met Hom.

Ek het al baie hieroor gewonder. Sê nou daar sou 'n wêreld wees waar almal doof is en op 'n dag kan een ou skielik hoor.

Kanse is goed dat die ander sal sê die ou is mal. Hy doen vreemde goed — gaan staan byvoorbeeld stil om na die voëltjies te luister.

Of sê nou daar is 'n wêreld waar almal blind is en een ou kan skielik sien. Die ander sal dink die ou het sy kop verloor as hy begin praat van lig en donker en die kleur van die sonsopkoms.

Of sê nou daar is 'n wêreld waar niemand kan ruik nie (sê dis 'n manskoshuis) en een ou kan skielik ruik....

As die wêreld besig is om al maller te word, is die kans goed dat dié wat dit raaksien en uitwys, as die malle beskou word. “It is no measure of health to be well adjusted to a profoundly sick society,” sê Jiddu Krishnamurti.

En, laat ons eerlik wees, ons samelewing is nie lekker nie. Ons besoedel die lug wat ons self weer moet inasem, piepie in ons eie drinkwater, ons is magsbehep, verslaaf aan geld en geraas en geweld.

Kyk hoe baie Suid-Afrikans steun steeds vir Jacob Zuma (en het destyds vir die NP gestem) en hoeveel Amerikaners stem vir Donald Trump – en kyk hoe gewild is die Kardashians!

Die mensdom is besig om al hoe maller te raak. *Crazy* is die nuwe swart. Allerhande reëls met strawwe is nodig om ons teen onself te beskerm: om byvoorbeeld veiligheidsgordels te dra, nie te

vinnig te ry nie, nie te drink en bestuur nie, nie uit jou kar te klim in die Wildtuin nie, nie te veel hoesmedisyne te koop nie, nie aan hoogspanningsdrade te vat nie, nie jou eie kinders se skool af te brand nie.....Is daar enige ander wese op aarde wat meer selfvernietigend is?

Om eenvoudig te lewe, lief te hê en lig te reis, is vandag "vreemd".

Om meer bymekaar te maak as wat jy ooit nodig sal hê, om vyandigheid met haat en geweld te beantwoord, om selfgesentreerd te lewe is nie net aanvaarbaar nie, maar selfs bewonderingswaardig.

Die groot druk is om beter en beter te **lyk** eerder as om beter te **word**.

Crazy!

As iemand die dinge sou doen waarvoor Jesus destyds gestaan het, sal mense dalk vandag nog meer *uitfreak* as toe – veral godsdienstige mense.

Abnormale gedrag is nodig in 'n wêreld waar normaal is wat dit vandag is.

Jaco Strydom, *Beeld* 18 Mei 2016

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528

Hatfield 0028 SA

Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380

algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

Rassisme

Rassisme steek oral in ons samelewing kop uit. Ons kan ander daarvoor blameer, die verlede, die politici, die winsmakers en die maghebbers, die opposisie en diegene wat óns tot vyand wil maak, maar die werklikheid is dat rassisme sonde is. Nie omdat 'n politieke party so sê of mense probeer munt slaan uit gebeure in ons samelewing nie, maar omdat dit in stryd is met die Evangelie. Rassisme neem baie gestaltes aan, maar in die kern daarvan lê daar meerderwaardigheid, dus die minagting van mense net omdat hulle aan 'n bepaalde ras behoort, vooroordeel, veralgemenende aannames, disrespek, onbegrip, afguns, misbruik en vernedering. Rassisme kan dus 'n denk- en leefwyse wees wat by mense van alle rasse voorkom en gekoester word.

Daarteenoor leer die Evangelie dat God vir alle

mense lief is. Alle mense is na die beeld van God geskape. Trouens, Jesus verban reeds in die Bergrede alle meerderwaardigheid tot buite die grense van sy koninkryk. Hy leer dan met sy gelykenisse, wonders, voorbeeld en lyding dat respek, deernis, luister en omgee oor grense heen, die styl en waardes van Sy koninkryk is. Daar is géén plek vir rassisme in die koninkryk van Jesus nie.

Die kuns van die lewe in Suid-Afrika is egter om te onthou dat meerderwaardigheid goeie vriende het in die eie-ek, in die persoonlike kyk op sake, op die enkelvoudige perspektief, op die eie voordeel en die drang na selfbehoud. Met sulke vriende moet 'n mens maar te versigtig wees dat meerderwaardigheid, in watter vorm ookal, nie sommer by die voordeur van jou lewenshuis instap nie. Of dit nou chauvinisme of patriargie genoem word, of manlike dominansie, of minagting en afsydigheid en neusoptrek vir siekes en gestremdes, of homofobie of rassisme, meerderwaardigheid skuil dig by al ons vroomheid en goeie voornemens.

Ons kan natuurlik altyd meerderwaardigheid probeer verduidelik. Of ons kan dit versag. Ons sou bv. kon verduidelik dat ons bedoelinge definitief nie meerderwaardigheid of aftakeling of miskiening of verontregting is nie. Maar die standaard van die lewe in die koninkryk, 'n lewe in noue verbondenheid met Jesus, is nie net om jou bedoelinge te beoordeel nie, maar veral die impak van jou woorde en dade en aannames en vooroordele op die selfverstaan van ander. "Ek" en my bedoelinge is as maatstaf altyd ondergeskik aan die ervaring en belewenis van my naaste, hoe die ander voel, wat hulle van hulleself glo, wat hulle van hulleself verstaan wanneer ons van mekaar weggaan.

Die Suid-Afrikaanse samelewing word grootliks gekenmerk deur ongelykheid. Die gaping tussen ryk en arm word al groter. Die feit dat die politieke hervormings van die afgelope dekades vir swart mense toegang verleen het tot die beste geleenthede, vertel nie die hele verhaal van die stryd van mense om uit kulture van armoede en ongeletterdheid uit te breek nie. Kinders wat bv. in armoede grootgeword het, se kans om toegang te verkry tot verdere opleiding en uiteindelik 'n werk met 'n volhoubare inkomste wat hulle uit die armoede kultuur lig, is steeds baie laag. Die werkloosheidsyfer vir swart Suid-Afrikaners is ook tans 28,8%. Baie van diegene wat wel werk het, se inkomste verseker nie noodwendig 'n lewe bo die broodlyn nie. Wit Suid-Afrikaners sal vanweë die land se politieke geskiedenis, asook die ongelykheidsfaktore baie begrip aan die dag moet lê vir swart mense se sensitiwiteit oor rassisme. Wat vir wit mense na die verdediging van belangrike beginsels klink, klink al te dikwels vir mense wat uit 'n agtergrond van armoede en verontregting kom na vooroordeel en miskiening.

Die belangrikste werklikheid is egter dat die stryd om bronne in Suid-Afrika dikwels manifesteer in rassiespanning. Die ekonomie groei stadiger as die bevolking. Investerings uit die buitenland is laag. Die verdeling van rykdom kan gevolglik meestal slegs geskied deur weg te neem van die wat het en dit te gee vir die wat nie het nie.

Dit is in die Suid-Afrikaanse konteks 'n resep vir rassiespanning. Almal, insluitende die regering, is dit eens dat opleiding 'n baie belangrike deel

moet uitmaak van die oplossing van die sistemiese ongelykhede van ons ekonomie. Opleiding genereer entrepreneurs en laasgenoemde skep werk. Maar ons land voorsien tans eenvoudig nie in genoeg opleidingsgeleenthede nie. Gevolglik word daar meer en meer eise gestel aan die beperkte opleidingsgeleenthede wat wel in Suid-Afrika bestaan. Die gebrekkige geleenthede aan vaardighedsopleiding vergroot die druk op tersiêre instellings. Die mededinging om die bronne van kennis raak dus by die dag groter. Die stryd om studentefoos is inderwaarheid 'n stryd om toegang tot die bron. Op vele terreine van die samelewing word soortgelyke spanning as gevolg van mense se regmatige aspirasies beleef.

Christene is geroep om in hierdie dae 'n voorbeeld te stel van verdraagsaamheid en goeie oordeel wanneer dit kom by die belange van die totale bevolking van die land.

Transformasie van die ekonomie is 'n verpligting wat op almal van ons rus met die oog op die voordeel van almal. As een ly, ly almal, sê die Evangelie. Dit geld net soveel van die land as van die kerk. Laat ons daarom met groot begrip vir die storie van ons land en vir die nood van mense en vir die strewe van mense na ekonomiese selfstandigheid met mekaar omgaan. Laat ons na mekaar luister met begrip en deernis. Laat ons mekaar hoor en help, hande neem en mekaar se belange najaag.

Laat ons wegdeins van veralgemenings sonder om regtig te probeer verstaan wat agter mense se protes en aandrang om gehoor te word, lê. Laat ons, die Christene, die draers wees van die boodskap van geregtigheid, dienende liefde en sorg. Mag ons só die mense wees wat mense se waardigheid herstel en hulle vry maak van die kragte van armoede of minagting en selftwyfel.

Die NG Kerk is so ernstig oor mense se menswaardigheid dat ons saam met ons familiekerke 'n **Seisoen van Menswaardigheid** bedink het. Die waardes wat veral deur die Seisoen bevorder word, is respekteer, luister, omarming en liefhê.

In Kerk en Samelewing (1990, par 110-115) het die NG Kerk reeds helder gewaarsku teen die gevolge van rassisme. Dit is strydig met die Woord van God en geen mens behoort dit te verdedig of beoefen nie. Sedert 1990 het die NG Kerk gereeld publieke getuienisse gelewer teen rassisme. Kerkbode en Kruisgewys is onder meer benut om die stryd teen rassisme te voer. Talle ander publikasies het ook verskyn. Vir 'n lys van publikasies kan jy gerus die Seisoen van Menswaardigheid se webblad by www.menswaardigheid.co.za besoek. Predikante laat val ook gereeld die lig van die Woord deur die prediking op die onderwerp. Die Moderamen het ook in 2008 'n ernstige beroep op almal gedoen om hierdie euwel te beveg. Tog is dit duidelik dat daar nog in al ons gemeenskappe baie werk is om te doen om hiermee verder te vorder.

Die Seisoen van Menswaardigheid help onder meer deur 'n publikasie vol Jesusverhale wat geestelike leiding bied. Daar is ook 'n publikasie "Stap Saam" oppad wat 'n 15 weke program is waarin mense van verskillende agtergronde na mekaar luister en saam die wonders van verskeidenheid in ons kulture en voorkeure ontdek. Die publikasies verskyn eersdaags by Bybel-Media. Die **Vrou By Die Put** is nog 'n publikasie met Bybelstudies oor Johannes 4 waar

Jesus met die Samaritaanse vrou in gesprek gaan, wat die onderwerp toelig.

Ons vertrou dat elke leraar van ons kerk sensitief is vir die gevare van rassisme en verstaan dat die NG Kerk 'n reuse verantwoordelikheid het om hierdie euwel uit te roei. Laat ons voortgaan om leiding en rigting te bied in hierdie proses van bevryding van alle vorme van rasse vooroordeel sodat ons kerk se mense ook in hierdie opsig waardige burgers van Suid-Afrika en bowenal van Jesus se ryk sal wees.

Nelis Janse van Rensburg

Voorsitter van die Dagbestuur van die Moderamen

Nederduitse Gereformeerde Kerk

22.01.2016

DIE NG KERK:

NUWE STRUKTUUR EN KULTUUR

Daar is menings in die NG Kerk dat die Algemene Sinode se strukture aangepas moet word. Trouens, die Sinode van Wes-Transvaal het in 2015 besluit dat hulle gaan ondersoek instel na die strukture van die sinodale kerkverband. In die Namibiese Sinode is daar reeds die afgelope jaar die behoefte om meer "selfstandig" te funksioneer met die oog op die rol van die kerk in Namibië.

Die Algemene Sinode het verlede jaar op versoek van die NG Kerk Wes-Kaapland dit goedgekeur dat sinodes afsonderlik meer belydenisskrifte kan aanvaar. Dit is baie duidelik dat daar diverse behoeftes binne die NG Kerk is en dat ons 'n deeglike gesprek moet hê oor die regte strukture om hierdie verkeidenheid van behoeftes en standpunte te akkommodeer. Trouens, die moderamen het hierdie gesprek een van sy twee prioriteite van die termyn gemaak.

Liggaam van Christus: Ons is aan mekaar verbonde as gemeentes en sinodes omdat ons glo dat die eenheid van die kerk 'n belangrike Bybelse opdrag is. Trouens, Jesus leer ons dat die eenheid van die kerk 'n kragtige getuigenis lewer. Met ons eenheid getuig ons van die veranderende krag

van die Heilige Gees en van die liefde van Christus, dat sy liefde 'n mens so kan verander dat jy saam die liggaam van Christus kan vorm, ongeag onderlinge verskille.

Struktuur van die Algemene Sinode: Die wesentlike vraag behoort dus nooit te wees of ons aan mekaar verbonde moet bly nie, maar hoe die verbintenis aan mekaar die beste sal getuig van die veranderende krag van die Heilige Gees en van Christus se liefde. 'n Taakspan van die moderamen gaan nou onder meer besin oor die grootte van die sinode, oor die frekwensie van sy vergaderings en oor die sinodes se deelname aan die besluitnemingsprosesse. Voorstelle sal vir kommentaar aan die onderskeie sinodes se strukture aangebied word voordat dit voorgelê word vir goedkeuring.

Kultuur: Dit is egter duidelik dat ons nie net oor ons strukture moet praat nie, maar ook oor die kultuur van die Algemene Sinode, dit wil sê die gewoonte wat ons oor die afgelope dekades aangeleer en geïnstusionaliseer het. Die moderamen het tydens sy afgelope vergadering hieroor begin dink en besluite geneem om plek-plek die kultuur te verander.

Insluiting en deelname: Die moderamen oordeel dat daar meer insluitend of deelnemend te werk gegaan moet word. Hierdie benadering moet onder meer geld vir die vorming van die agenda van die Algemene Sinode se vergaderings. Sinodes, kerkrade en ringe gaan gevra word om saam te dink oor die sake wat op die agenda van 2017 se Algemene Sinode moet wees. Wanneer almal se insette verkry is, gaan die moderamen in 'n onderskeidingsproses die vyf of ses sake identifiseer waarvoor die kerk wil praat.

e-Kerkbode: Daar is ook goed gedink oor ons kommunikasie met ons lidmate. Daar is saam met

Bybel-Media besluit om 'n e-Kerkbode te loods. Die aand nadat die besluit deur die moderamen geneem is, het die eerste uitgawe verskyn en kon ons self ons nuus breek. Die NG Kerk kan nou op 'n daaglikse basis nuus vrystel. Ons is hiervoor baie dank aan Bybel-Media verskuldig. Almal kan byvoorbeeld nou elektronies op e-Kerkbode inteken en e-Kerkbode se nuus op Facebook deel met vriende. Hierdie is 'n reuse stap in die rigting van meer effektiewe kommunikasie.

Inligting aan leraars: Die moderamen het ook goedgekeur dat ons, wanneer nodig, vanuit die kantoor van die Algemene Sekretaris 'n inligtingsbrief aan al die leraars van die kerk stuur. Die bedoeling is om alle kollegas betyds in te lig oor verwickelinge op die nasionale kerklike toneel, sodat hulle met korrekte inligting hulle gemeentes kan begelei.

Predikantebyeenkoms: Die moderamen het ook besluit om volgende jaar 'n nasionale predikantebyeenkoms in Pretoria by Moreletapark te hou. Ons werk deelnemend deur sinodes se insette te vra met betrekking tot die inhoud van die program. Die strategie vir die gestuurdheid van die kerk sal onder meer op die agenda wees.

Die Suid-Afrika en Namibië waarvoor ons bid: Die moderamen ontsluit eersdaags 'n proses waarin alle sinodes versoek word om saam te dink oor die land waarvoor ons bid. Gespreksraamwerke sal beskikbaar gestel word vir gebruik deur kleingroepe, kerkrade, ringe en ander strukture. Uiteindelik sal die terugvoer verwerk en voorgelê word aan die volgende Algemene Sinode vergadering. Dit word in oorleg en in samehang met die SA Raad van Kerke se inisiatief in hierdie verband gedoen. Die nuwe kultuur van deelname word in werking

gestel om 'n raamwerk vir die NG Kerk se publieke getuigenis te skep. Die NG Kerk se deelname aan nasionale gesprekke oor die toekoms van ons lande kan 'n baie groot verskil maak.

Missionaliteit: Die moderamen vorder ook goed met sy strategie vir missionale transformasie. Ons behoort na September hieroor volledig te kan terugvoer gee.

Mag Christus, ons Hoof, ons ruim gebruik om sy koninkryk te laat kom.

Ds Nelis Janse van Rensburg, voorsitter van ide Algemene Sinodale Moderamen. *Kerkbode* 15 April 2016.

DOROTHEA-SENDING

Uit die hart

Liewe Vriende

Hierdie uitgawe van die Dorothea-Nuus is anders as die voriges. Saam met die Gebedsgids [*kan by Dorothea-Sending gekry word*] het ons goedgedink om vir U 'n wye uitsig oor die Sending te gee en oor alles waarmee ons besig is.

Ons het groot dankbaarheid, verering en lof aan die Here in ons harte wanneer ons terugkyk in bewonderling oor die pad wat Hy ons tot nou toe gelei het. Toe die Dorothea-Sending in 1942 deur mnr Hans von Staden gestig is, het hy geweet dit is in gehoorsaamheid aan die Here met die visie en roeping wat Hy aan hom gegee het. As 'n geloofssending het die uitdagings deur die jare ons nederig en ten volle afhanklik van die Here gehou. Dit het ons die grootheid en getrouheid van die Here wat ons dien, gewys. Vanuit die diepte van ons harte kan ons sê dat dit nie van ons was nie. Daar is nie een van ons wat die eer kan aanvaar vir die feit dat ons steeds kan aangaan nie.

Ons kan slegs dié woorde eggo van Psalm 11:1: "*Nie aan ons, o Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u goedertierenheid, om u trou ontwil.*" Dit bly ons begeerte dat dit steeds God se werk en nie ons eie werk sal wees nie.

Oor die jare heen het die werk verander soos wat die behoeftes verander het. Ons het aangepas maar die visie en roeping bly dieselfde: om die onbereiktes te bereik met die evangelie van ons Here Jesus Christus. Saam hiermee was ons begeerte om altyd daar te wees en geestelike hulp te verleen aan diegene wat tot bekering kom.

Ons is steeds besig om die evangelie te verkondig in die Suidelike lande van Afrika: Suid-Afrika, Zimbabwe, Zambië, Malawi en Mosambiek. Deur die veldtogte, uitreikings, seminare, opvolgbesoeke, literatuurverspreiding, korrespondensie Bybelstudies, uitsaai op die radio, kinderbediening en hospitaalbediening is ons leuse steeds Spreuke 24:11: "*Red die wat na die dood gesleep word en die wat na die slagbank wankel, hou hulle terug!*"

SENDINGNUUS

(Ingestuur deur Betsie de Wet)

Ons is duidelik bewus van elke voorbidder en ondersteuner wat die Here aan ons toevertrou het. God het julle gebede en ondersteuning gebruik om ons in staat te stel om voort te gaan en sy Woord te verkondig aan die wat verlore is. Hy het u medewerkers gemaak saam met ons in Dorothea Sending.

Dankie, vir u gebede, liefde en ondersteuning oor die afgelope jare. Ons waardeer dit opreg.

Saam in Sy diens

Joseph Nota/Zandra Nel (Mededirekteure)

Leierskap

Die raad is verantwoordelik vir die leiding van die Sending. Wysheid is nodig om te onderskei en God se gedagtes te volg en steeds effektief te wees in 'n veranderde wêreld. Die mededirekteure is verantwoordelik vir die dag-tot-dag besluitneming. Hulle benodig 'n sterk verhouding met die Here om die take met 'n goddelike gesindheid te hanteer. Goeie verhoudings met die werkers en om die eenheid tussen hulle te bewaar; al hierdie laat ons net weer besef hoe afhanklik ons van die Here is. Hulle benodig visie en passie om hierdie werk van die Here in oorgawe te doen en 'n voorbeeld te stel vir die medewerkers.

Suid-Afrikaanse Span

Ons span het reeds verskeie uitnodigings ontvang vir tentuitreike in dorpsgebiede, informele nederstettings en landelike gebiede. Ons begeerte is vir geesvervuldheid en leiding deur die Heilige Gees vir bekering van menigtes.

Administrasie

Ons is so bevoorreg om twee nuwe lede by ons administrasie span te verwelkom wat ons dag-tot-dag take in die kantoor gaan behartig. Ons daaglikse verantwoordelikheid sluit die volgende in: kontak met ons voorbidders, vriende en donateurs.

Bybelkollege

Die Bybelkollege kon nie hierdie jaar open nie as gevolg van die uitreiking van akkreditasie waarvoor ons wag. Ons het alreeds 'n ooreenkoms met Nehemia Bybel Instituut. Ons beoog om hul modules te gebruik vir die deelydse studies. Die deelydse studies sal aangaan wanneer ons genoeg studente het.

Hospitaalbediening

Dit is 'n groot voorreg om toegelaat te word om aan die siekes te bedien. Dit is steeds "heilige grond" waarop ons bedien. Ons het gereeld die geleentheid om die laaste keer hierdie mense te bedien voordat hulle aanskuif na die ewige lewe. Ons ervaar dat dit 'n wonderlike vrugtevolle veld is.

Media

Ons werk steeds met die literatuur en studiodepartement.

Bekendmaking van die Sending

Die bekendmaking van die Sending is baie belangrik. As 'n Sendingorganisasie het ons vennote nodig om deel te neem in ons visie om die nasies te bereik vir Christus. Ons fokus is om moderne tegnologie en sosiale media as 'n platform hiervoor te gebruik. Ons is alreeds volstoom daarmee aan die gang. U is ook welkom om ons te nooi na u kerk of organisasie; nooi ons asseblief deur gebruik te maak van e-pos of ook Facebook. Deel saam in die visie en missie van Dorothea Sending op hierdie manier.

Malawi

Gedurende die reënseisoen, Januarie-Maart, bedien hierdie span meestal in die Blantyre-area. Dienste, deur-tot-deur besoeke en verspreiding van traktaatjies word gedoen. Spesiale middagdienste word gehou vir werkers tydens hul etensuur, hospitaalbesoek, besoek van mense in nood asook Radiobediens deur FM Malawi word gedoen. Daar is baie geleenthede wat op hulle wag. Vlughtelinge van noordelike Mosambiek is besig om Malawi binne te gaan. Die meeste vlughtelinge is Moslems. Hulle is veral 'n groot uitdaging, maar is terselfdertyd 'n groep mense wat Jesus baie nodig het. Wysheid is nodig wanneer daar aan hulle bedien word. Gedurende die ander maande van die jaar word uitreike saam met die Tete-span in beide Malawi en sentrale Mosambiek gehou. God seën die werk wat deur die Malawi span gedoen word.

Mosambiek

Chokwe

Ons Chokwe span word gereeld uitgedaag om te bedien te midde van die geestelike nood wat daar voorkom.

Die span bied gereeld praktiese kerkleierskapopleiding; die pastore kontak hulle en werk saam met die span in uiteikings en evangelisasiewerk. Die span is ook betrokke in radiobediening waar hulle boodskappe gee en geestelike hulp verskaf aan luisteraars.

"Huwelike en ouerskap"-seminare word aangebied deur die spanlede omdat daar so 'n groot behoefte hiervoor onder Christene is. Huisbesoeke en hospitaalbediening word gedoen. 'n Groot droogte en hongersnood was die afgelope 2-3 jaar ervaar in hierdie land.

Hierdie span het groot genade nodig, as gevolg van die unieke uitdagings wat hulle moet hanteer. Ons kyk op na die Here om hulle genade te gee.

Tete

Hierdie klein span saam met hulle families woon in die baie uitdagende "Zambezi Valley". Vir die eerste drie maande van die jaar is hulle fokus meesal in Tete omdat dit die reënseisoen is. Die sentrale en noordelike areas van Mosambiek is steeds geestelik baie behoeftig. Baie mense is steeds onbereikbaar in hierdie areas. Die span reik gereeld uit onder die sektes en hulle leiers. Hierdie leiers en hul volgelinge het baie min kennis van die Bybel en nog minder van 'n verhouding met die Here. Dit is bewys as 'n baie vrugbare arbeidsveld.

Sedert die Verjaarsdagbyeenkoms in 'n kerk in Tete gehou was, het hulle baie uitnodigings van ander kerke ontvang. Die politieke situasie veral in die noordelike areas het 'n groot bekommernis en spanning veroorsaak. Die span benodig die Vader se wysheid, leiding en beskerming.

Zambië

Die span het 'n groot passie om die ongereddes in die oostelike provinsie van Zambië te bereik. Daar is 'n groot honger vir God se Woord in hierdie gebiede. Die span het God se beskerming nodig veral wanneer hulle rondreis vir lang distansies om die evangelie te verkondig.

In Lusaka (hoofstad van Zambië) bedien die span gereeld by hospitale en klinieke wat 'n baie vrugbare veld is. Opelugdienste word gehou, opvolgbesoeke aan die wat gered is asook huis-tot-huis bediening word gehou. Die korrespondensie Bybelstudies word ook effektief gebruik. Kinders word ook bedien by kinderbyeenkomste en word so hier gevorm om Jesus as Verlosser aan te neem en om te groei.

Zimbabwe

Daar was soveel pyn en lyding ervaar in

hierdie land dat baie mense hul geloof en hoop verloor het. Elke generasie het nodig om met die evangelie bereik te word. Ons span het die geleentheid om te bedien in baie verskillende maniere. Die uitreikspan bedien meestal in landelike gebiede, maar wanneer hulle in Harare (hoofstad van Zimbabwe) is, bedien hulle gereeld by seminare en kerkdienste. Ander werkers is gevestig in Harare. Bridget Mupfigo en Margaret Nkhola is meestal betrokke in huisbesoeke en met die verspreiding van traktaatjies. Ander het geopende deure in hospitale, by die polisiekantoor, skole en verskillende geleenthede.

Verteenwoordigers

Duitsland

Waldemar en Christel Achenbach is ons verteenwoordigers. Waldemar doen die administrasie vir beide Duitsland en Switserland. Hy het ook baie ander take en wonderlike geleenthede vir geestelike bediening deur Bybelstudies, kerkdienste en by ouetehuse.

Die aanvaarding van vlugtelingen vanaf Sirië het groot spanning en skeiding in Duitsland veroorsaak. Bid saam met ons vir 'n geestelike herlewing en vrede in hierdie land.

Verenigde Koninkryk

John en Gwynneth Symons, ons verteenwoordigers, het geleenthede om die Sending te verteenwoordig. Hulle is verantwoordelik vir die administratiewe werk. Daar is 'n groot nood vir herlewing in die kerke van die land.

Gebedspunte

Ons nooi u uit om saam met ons te bid vir die volgende:

Dat die gebedsgids ons vriende sal toerus om meer effektief te bid.

Bepaalde uitreikings in al die lande en in Suid-Afrika.

Dat die here ons sal gebruik tot verheerliking van Sy Naam.

Die Sending se 74ste verjaarsdag sal op Saterdag, 10 September 2016 plaasvind. Die gasspreker is dr. Maswanganye

Bron: *Dorothea-Nuus* – 1/2016; Adres: Posbus 911024, Rosslyn 0200, Telefoonnr: 012 560 2000/082 896 7960; e-pos: office@dorothea.org.za; Webtuiste: www.dorothea.org.za. Bankbesonderhede: Dorothea Mission, Standardbank, Takkode 010 145, Rekeningnommer: 011 030 801.

BYBEL-MEDIA DIEN ... met verskeie gratis dienste

Lees asseblief die inligting oor **gratis dienste** baie noukeurig – dit is goeie nuus vir elke lidmaat.

Dit word alles moontlik gemaak deur bydraes van donateurs en die **spesiale kollekte** wat gemeentes opneem en vir Bybel-Media stuur. Baie dankie!

In die tegnologiese era gebeur alles vinnig en dit moet byderhand wees. Normaalweg is jou selfoon byderhand. Voortaan bied jōu kerk vir jou 'n uitgebreide gratis diens op jou selfoon:

Boodskap vir Vandag (dagstukkies)

Liedboek (sangbundel)

Kerkbode (kerkkoerant)

Volg die instruksies by elkeen om dadelik toegang tot die dienste te kry.

Boodskap vir Vandag
(dagstukkies)

Dié *app* is gratis beskikbaar by Google Play en Apple se *App Store*, en kan maklik opgespoor word deur vir die sleutelwoorde "boodskap vir vandag" te soek.

Android 4.3 / 4.4 en iOS 8.0 word vereis. Indien jy nie die *app* kan opspoor nie, dui dit normaalweg daarop dat die betrokke selfoon nie aan die minimum vereistes voldoen nie.

Liedboek (sangbundel)

NG Kerk Liedboek met note (Android tablette en Apple iPad)

NG Kerk Liedboek (Android selfone, tablette en Apple iPhone en iPad)

Gereformeerde Liedboek met note (Android tablette en Apple iPad)

Die *app* is gratis beskikbaar by Google Play en Apple se *App Store*, en kan maklik opgespoor word deur vir die sleutelwoord "liedboek" te soek.

Android 4.3 / 4.4 en iOS 8.0 word in elke geval vereis. Indien jy nie die *app* kan opspoor nie, dui dit normaalweg daarop dat die betrokke selfoon nie aan die minimum vereistes voldoen nie.

Kerkbode (kerkkoerant)

Die gedrukte Kerkbode word aangevul deur die elektroniese e-Kerkbode wat kerknuus gratis by www.kerkbode.co.za beskikbaar stel. Teken nou in deur net jou e-posadres te verskaf. Die jongste kerknuus kom dan in e-posformaat by jou uit.

Bybel-Media werk intussen daaraan om 'n *app* vir die nuwe e-Kerkbode (kerkbode.co.za) beskikbaar te maak om toegang deur middel van tablette en selfone verder te vergemaklik.

NATUURWONDER EN INGENIEURSWONDER


Gedurende ons vakansie in begin van Mei het ons vir byna 'n week oorgebly in Prins Albert aan die voet van die Swartberg. So het ons kans gekry om die geskiedenis en omgewing van Prins Albert bietjie te leer ken. Hierdie dorp se oorsprong is in 1762 toe die eerste leenplaas, Queekvalleij, toegeken is aan Zacharias de Beer. Dit is op hierdie plaas dat Prins Albert mettertyd ontstaan het. In 1842 is 'n gemeente van die Ned Geref Kerk gestig en dié jaar is ook amptelik die stigtingsdatum van die dorp. Die inwoners het aanbeveel dat die dorp Albertsburg moet heet (genoem na prins Albert van Rusland met wie koningin Victoria getroud is), maar die destydse goewerneur aan die Kaap het dit amptelik die naam Prince Albert gegee ter ere van die koningin se eggenoot.

Ek wil egter nie skryf oor die dorp en sy baie interessante geskiedenis nie maar oor die natuurwonder van die Swartberg en die ingenieurswonder van die Swartbergpas.

Die Swartberg is deel van Unesco se *Cape Floral Kingdom World Heritage Site* van 121 000 ha wat hoofsaaklik in besit is van die staat. Dit is barre wêreld maar met

baie besondere plantegroei en selfs baie water, veral in al die klowe waar selfs watervalle voorkom. Bo-op die berg is daar poele water (party inwoners noem dit "mere") wat "afgetap" word na die vrugbare vallei vir boerderydoeleindes. Die watervalle word ook benut vir ander menslike gebruik.

Die Swartberg is wêreldbekend vir die geologiese verskynsels wat daar voorkom. Miljoene jare gelede het die tektoniese plate geskuif en die ongelooflike drukking van dié proses het besondere rotsformasies gevorm wat jou asem wegslaan wanneer jy tussen hulle deur ry en honderde meters teen die rotswande opkyk tot in die oneindige blou lug bo. Soos die gesmolte lae lawa miljoene jare opgedruk is deur die beweging van die tektoniese plate het dit voue gevorm wat lyk soos 'n groot stuk materiaal wat gefrommel is om voue te vorm. Waar die drukking baie groot was volgens geoloë het die "voue" oopgebreek en omgeval sodat daar plek-plek rotsformasies gevorm is wat lyk soos boeke wat regop staan op 'n biblioteek se rak. Wanneer 'n mens hierdie verskynsel gadeslaan, oorweldig dit jou en laat dit jou klein voel in die magtige skepping. Dan wil jy net sing: "Halleluja! Aan God die eer!".



Die ingenieurswonder is die Swartbergpas. Hierdie 27 km lange pas word beskou as een van die mees besondere bergpasse in die wêreld. Die pas is 'n gruispad wat opkronkel na die hoogste punt wat 1585 meter bo seevlak is. Dit is gebou deur die briljante padingenieur Thomas Charles Bain in die vorm van steil sigsags en haarnaalddraaie wat jou telkens laat terugkyk op die pad waarlangs jy gekom het. In die pas is daar asemrowende uitsigte op die ruwe rotswande en duiselingwekkende hoogtes van die majestueuse Swartberg. Wanneer jy bo kom, het jy 'n indrukwekkende uitsig oor die pad waarlangs jy gekom het en oor die pragtige bergagtige wêreld anderkant die Swartberg wat uitstrek tot aan die verste horison.

In 1881 is besluit dat 'n alternatiewe roete naas Meiringspoort nodig is vir verkeer tussen die Groot Karoo en die kus. Na vele politiekery tussen die voor- en teenstanders vir die bou van 'n pas oor die berg, is die opdrag om dit te bou, toegeken aan Thomas Bain. Hy het die pas in drie jaar gebou met die arbeid van 200 gevangenes wat 14,500 pond gekos het om te bou. Die pas is in 1886 voltooi maar eers in 1888 amptelik geopen.



In die winter is die berg dikwels bedek met sneeu en uiteenlopende plantegroei kom onderskeidelik voor in die droë dele en in die ruie waterryke klowe. Dit is inderdaad 'n unieke mikroklimaat met baie fynbos, ander besondere plante en 'n ryk voëllewe.

In die pas is daar nog die oorblyfsel van die tronk waarin die gevangenes snags geslaap het, die tolhut en ander geskiedkundige terreine. By die ou tolhut wat nou 'n oornagkampplek vir stappers is, is tol gehef teen 4 pennies per wiel en een pennie per dier. Wat veral opval tov die bouwerk is die klippe

wat per hand opgestapel is sonder sement – soms verdiepings hoog – om die pad te ondersteun. Die gereedskap wat gebruik is, is gewone kruise (waarvan daar nog een te sien is in die museum op die dorp), pikke, hamers en grawe. En hierdie handewerk staan vandag nog net so na 120 jaar en word daagliks gebruik deur voertuie!

'n Mens kan inderdaad sê dat hier 'n mensgemaakte wonder en die wonder van God se skepping naas mekaar staan. Die een herinner jou aan die mens se vernuf en wonderlike vermoëns en die ander aan God se grootheid en almag wat nie net die berg kon skep nie maar ook die mens met al sy vernuf en vermoëns. Soli Deo Gloria!

Daan Kilian.



DIS NOU TYD OM TE BOU

In die ou bedeling was baie dienspligtiges bereid om hulle lewe te gee vir hulle land – en party het. Noudat die land hulle weer nodig het, moet hulle nie op die pawiljoen gaan sit nie.

So gesels Jan Malan, afgetrede kolonel in sy kantoor in Lynnwood, Pretoria. Dis 'n hanetreetjie van Lynnwood se NG Kerk, waar hy lidmaat is.

As voorsitter van die Suid-Afrikaanse Weermagvereniging (SAVV), 'n veteranevereniging, en in samewerking met die land se kerke, help hy beplan aan die versoeningsaksie wat saamval met die herdenking van die 1976-onluste in Soweto – en wat onder meer 'n groot saamtrek op die Orlandostadion op 11 Junie insluit.

Sy rol is onder meer om die dienspliggenerasie – wit mans wat nou tussen 40 en 70 jaar oud is – te betrek.

As gevegsoffisier het hy in die 1980's baie oorlog gemaak in Angola. Die troepe onder sy bevel was hoofsaaklik dienspligtiges. Hulle was onder meer verantwoordelik vir die vernietiging van Fapla se 21-brigade, vertel hy.

Na die politieke oorgang in Suid-Afrika was hy twee jaar lank hoofinstrukteur van die stafkursus in die destydse Voortrekkerhoogte. Onder die offisiere wat hy opgelei het, was drie latere hoofde van die Suid-Afrikaanse Weermag: genl Siphwe Nyanda, genl Godfrey Ngwenya en genl Solly Shoke.

Malan het die oorlog en die vrede gesien, die ou SAW en die nuwe SANW. As hy gesels, herinner dit soms aan die boodskap van Prediker 3: Daar is 'n tyd vir alles. Daar is 'n tyd vir oorlog en 'n tyd vir vrede, 'n tyd om te breek en 'n tyd om te bou.

Nadat hy weg is uit die weermag,

het hy anders as baie kollegas nie sy militêre vernuf in Afghanistan of in Afrika gaan verkoop nie. “Ek het te veel oorlog gesien. Dis nie ‘n idille nie”, sê Malan.

Hy was sedertdien onder meer betrokke by die skep van verskeie veiligheidsbuurte, maar het ook voorsitter geword van die SAWV.

Wêreldwyd hou veterane hulleself veral met drie dinge besig, sê Malan. Dit is die herdenking van gebeure in die verlede, die gee van erkenning en met versoening. Juis omdat hulle oorlog gesien het, weet veterane ‘n mens moet ‘n ander pad kies, sê Malan.

In die gesprekke met die kerke het hy ook die leiers van die *June 16 Foundation* leer ken en begin om met hulle saam te werk. Hulle het skole in Soweto besoek waar die opstande destyds begin het, en daar is planne om hierdie skole te help om baie beter skole te word.

Sy gedagtes gaan baie verder as versoening. Dit gaan oor die bou van die toekoms.

‘n Mens kan nou ‘n debat voer oor wie die oorlog destyds gewen het, sê Malan, maar die belangrikste ding is dat Suid-Afrika nog nie die vrede gewen het nie. Niemand is tevrede met hoe die land nou lyk nie. Dis waar veterane nou kan help, sê hy.

Telkens as hy praat oor bou aan ‘n nuwe toekoms, noem hy sy twee kleinkinders vir wie hy dit doen.

Vir mense wat bang is hulle gaan verneder word of voel hulle gaan van voor af in die beskuldigdebank staan, sê Malan dat hierdie ‘n Christelike aksie is. Dit dra die boodskap van hoop en versoening. Politici word glad nie betrek of genooi nie.

Dis nie nou tyd om op die pawiljoen te sit en te kritiseer nie. Dis nou tyd om ‘n verskil te maak waar jy is.

Daarom nooit hy destydse dienspligtiges: Kom woon die byeenkoms in die Orlandostadion by. En as iemand vrae het of betrokke wil raak, kan hulle met die SAWV skakel by sawv@milvets.co.za.

Neels Jackson, *Kerkbode* 20 Mei

PINKSTER: GOD SE GEES KRY 'N NUWE TUISTE

Die Joodse geloof was ten tye van Jesus se bediening ten nouste verweef met godsdienstige feeste. Drie daarvan, die Paasfees, die Loofhuttefees en Pinkster was pelgrimsfeeste waartydens die Jode na Jerusalem gereis het om saam fees te vier soos vereis deur die wet (Eks 34:23). In die evangelies neem Jesus se ouers (Luk 2:41) en Jesus (veral in Johannes) deel aan verskeie feeste.

Daar word egter nêrens vermeld dat Jesus Pinkster gevier het nie. Die naam daarvan (Grieks pentekostē wat beteken “vyftigste”) dui op die viering daarvan op die 50ste dag na die begin van die oes, toe die eerste gars wat geoes is na die tempel as ‘n offer op die Sabbat gebring is (Lev 23:9-13). Vanweë die berekening val Pinkster altyd op ‘n Sondag.

Die fees het slegs ‘n enkele dag geduur en God as Gewer van die oes gedank. Dit het begin met die offer van twee brode wat gebak is met gesuurde deeg afkomstig van die meel van die nuwe oes en het afgesluit met ‘n offermaaltyd waarna die armes spesifiek genooi is (Deut 16:9-12).

In die Nuwe Testament word Pinkster drie maal vermeld. Twee verwysings (1 Kor 16:8; Hand 20:16) dien as tydsaanduidings rakende Paulus se reisplanne. Die derde is na die besondere Pinksterdag toe die Heilige Gees uitgestort is (Hand 2:1).

In Handeling 2:17-21 verstaan Petrus nie die uitstorting van die

Gees as ‘n vervulling van Pinkster nie (Paulus vier dit steeds as ‘n oesfees in Jerusalem) maar eerder van Joël 2:28-32 waarin voorspel is wat in die laaste dae sou gebeur.

Die Gees sou uitgestort word op alle gelowiges en nie net soos in die Ou Testament op konings en profete nie. Gelowiges se optrede as profete is waarskynlik ‘n verwysing daarna dat hulle oor Jesus sou getuig deur die krag van die Gees.

Dit wil dus voorkom asof die keuse van Pinksterdag vir die koms van die Gees verband hou met die feit dat die hele Israel byeen was. Die Gees kom naamlik op alle gelowiges ondanks hulle herkoms ten aanskoue van die hele volk as ‘n publieke bevestiging dat die belofte van Joël vervul is.

Die Gees van God het nou ‘n nuwe tuiste gehad – die kerk bestaande uit alle gelowiges. God se trou sou dan ook in Handeling sigbaar raak in ‘n ander oes wat gereed was om ingesamel te word.

Marius Nel, *Die Kerkbode* 15 April 2016

BARMHARTIGHEID

Barmhartigheid is ‘n intense gevoel van ontferming of meegevoel wat sigbaar word in die manier waarop teenoor iemand opgetree word. In die Ou Testament is die woord “barmhartigheid” deel van ‘n groep woorde wat gebruik word om mense se houding en optrede teenoor mekaar te

teenoor mekaar beskryf. Dit word byvoorbeeld gebruik om 'n ma of 'n pa se gevoel vir hulle kinders (Jes 49:15; Ps 103:13) te beskryf, terwyl Israel se vyande verwyd word dat hulle wreed is en geen barmhartigheid teenoor ander openbaar nie (Jes 13:18; Jer 6:23). In die Ou Testament word die woord meestal gebruik om God se besondere ontferming en meegevoel teenoor Israel te beskryf, net soos van 'n aardse pa teenoor sy kinders (Ps 103:13). Die Ou Testament beklemtoon dat geen mens God se barmhartigheid verdien nie; Hy gee dit onverdiend aan wie Hy wil (Eks 33:19). Omdat God barmhartig is, vergewe Hy Israel, al behoort Hy hulle eintlik te straf vir hulle sonde en ongehoorsaamheid (2 Kon 13:23). Tydens die ballingskap het die profete die volk aangemoedig op grond van God se barmhartigheid (Klaag 3:32); hulle moes bly hoop dat God hulle ook in die toekoms sou red (Jes 14:1; Sag 1:16) en hulle kon seker wees dat hulle sy barmhartigheid vir altyd sou ervaar.

In die Nuwe Testament wys God sy barmhartigheid en ontferming vir mense deur die feit dat Hy Christus gestuur het om hulle te verlos (Tit 3:5; Ef 2:4). Dit word byvoorbeeld aangrypend uitgedruk in die verhaal van die blinde Bartimeus wat na Jees roep om ontferming (Mark:10:47, 48). In die Nuwe Testament word verder beklemtoon dat ook nie-Jode God se barmhartigheid ervaar en deel mag word van die kerk (1 Pet 2:10). Die teenoorgestelde van God se barmhartigheid is sy toorn (Rom 1: 18). Gelowiges kan egter by die eindoordeel op God en Christus se barmhartigheid vertrou (2 Tim 1:18; Judas vers 21). Omdat God barmhartig is, verwag Hy dat gelowiges ook barmhartig sal wees (Luk 6:36); sulke mense is geseënd (Matt 5:7). Die Ou-Testamentiese oproep dat God

meer in barmhartigheid as in offers belangstel (Hos 6:6), word in die Nuwe Testament herhaal (Matt 9:13). In die gelykenis oor die barmhartige Samaritaan verduidelik Jesus dat 'n mens iemand anders se naaste word deur barmhartigheid teenoor hom/haar te bewys (Lk 10:25-37). In die Nuwe-Testamentiese briewe word barmhartigheid soms saam met "genade" en "vrede" in die seëngroet gebruik, byvoorbeeld 1 Tim 1:2.

D.F. Tolmie in *Christelike Kernensiklopedie*.

MEI IN GEMEENTE

In Mei was ds Gideon by 'n predikantekonferensie en daarna 'n paar dae met verlof saam met ds Petro. Dit was asof ons as gemeente 'n ruk lank wees gevoel het en toe kom die reën en koue ook nog. *Die Kandelaar* se groot bron van nuus in die gemeente was dus 'n tyd lank nie bekombaar nie. Daarom voel dit of hierdie berig lyk soos 'n graad-eenhaasbekkie, asof iets ontbreek. Nogtans kan ons oor 'n paar dinge berig doen.

Die **Pinksterbidure** is gehou van 9 – 12 Mei en na elke biduur is heerlike brood en sop bedien. So is gesorg vir geestelike verryking en gemeensame samesyn.

Die **Pinksterfees** is op 15 Mei gevier met nagmaal en tydens die diens is Cherié Adlem ook gedoop en het sy belydenis van geloof afgelê. Ons wens haar en haar familie van harte geluk en wens haar ook 'n geseënde geloofspad vorentoe toe.

Ná die nagmaal is 'n **gemeente-ete** gehou wat deur baie mense bygewoon is – die meeste nog by een van ons gemeente-etes. Ons dank aan al die manne wat in die reën getrou hul potjies aan die gang gehou het en vir die vrouens wat die bykosse en nagereg voor-

sien het. Dit is hierdie harde werk wat dit moontlik gemaak dat ons heerlik saam kon verkeer en somer ook die gemeente se 55ste verjaarsdag kon vier op 'n gesellige wyse.

LIEF EN LEED

Ons is nie seker of ons al die name het van mense wat op een of ander manier beproef word nie. Ons weet van die volgende mense vir wie asb voorbidding gedoen moet word:-

Scheepers Kitching wat geopereer is vir 'n aneurisme.

Petru Kruger wat in 'n stepdown kliniek is.

Petru Hanekom wat nog sukkel met haar rug, maar gelukkig nie weer geopereer hoef te word nie.

Ronnie Kok wat hartprobleme het.

Sus Quadling wat met longontsteking in die hospitaal was maar nou darem weer tuis is.

Helena Jacobs se broer en suster wat verswak het.

Hannetjie Kritzinger se kleinseun, Jade, wat weer terug kon gaan skool toe.

Jake Erasmus wat 'n heupvervanging gehad het en later weer gehospitaliseer moes word agv 'n hematoom. Hy is weer tuis.

Mandie Cilliers se swaer wat 'n weerstandige TB opgedoen het en toe ook nog 'n trombose gehad het.

Dante (10) wat 'n breinoperasie ondergaan het. Na die operasie het 'n skandering getoon dat daar van die gewas agtergebly het en nou moet hy weer geopereer word. Bid vir hom en sy familie.

Margaret Sevenster wat sukkel met 'n aritmiese hartklop.

Anton Bekker wat weer met chemoterapie begin het.

Tienie Lotz en Miempie Janse van

Rensburg wat albei ons voorbidding nodig het.
 Annelize, skoondogter van Tiny en Hettie Krige, wat na 'n suksesvolle longoperasie moet aansterk.
 Myra van Niekerk wat 'n knieervanging gehad het.
 Oom Fanie Nel wat weer in die hospitaal was agv sy hartprobleme. Dit gaan nou weer beter.
 Callie Krynauw wat geopereer is, maar weer tuis is en goed aansterk.

Mara Potgieter se kleindogter versoek ons om te bid vir 'n sportster, Jandré Venter, in hul klas wat erg beseer is in 'n motorongeluk. Hy kan dalk sy bene verloor.

Marie Cockram is op 13 Mei oorlede nadat sy 'n week tevore 'n massiewe beroerte gehad het. Op 15 Mei is 'n gedenkdiens vir haar in ons kerk gehou en 'n week later is sy in Bloemfontein begrawe by haar man. Ons dink aan die kinders en kleinkinders.

Sheila Veronica Jonck is oorlede en op 27 Mei vanuit ons kerk begrawe. Ons simpatiseer graag met haar familie.

Ons kan darem ook oor **lief** berig:-

Isabel, dogter van Maureen Janse van Vuren, is getroud met Andre Joubert. Hulle word van harte gelukgewens.

Jean van Niekerk, seun van Abraham en Ronel, is getroud met Rosé. Baie seën word hulle toegewens.

Tielman en Engela Nieuwoudt word van harte gelukgewens met 'n nuwe kleinseun.

Samantha, dogter van Amanda en Mossie Mostert, het 'n doktorsgraad in Farmakologie verwerf. Aan haar en haar ouers 'n baie hartlike gelukwensing met die prestasie.

Riaan Kruger en sy suster, Lindie Stapelberg, het die Comrades gehardloop. Lindie het die wedloop voltooi maar nie binne die tyd nie. Riaan moes, agv negatiewe fisiese reaksie, tou opgooi met nog net

14 km oor. Hulle verdien 'n groot handeklap vir die brawe poging.

Lindie en Riaan by die Comrades



Finesse Bookkeeping

- Full monthly bookkeeping services up to Trail Balance, including customers & suppliers.
- Submitting of VAT returns (VAT201)
- Monthly payroll services
- Submitting of PAYE,SDL & UIF returns (EMP201)
- Monthly declaration to UIF & bargaining council
- EMP501 Reconciliations and Submissions
- Submitting of individual Income Tax Returns

Contact Cornel Vorster at 082 859 6679

or email: accounts@finesseb.co.za

ZERO BOOMSLOPINGS

BOOMSLOPINGS EN SNOEI
 VAN BOME EN STRUIKE.
 ONS VERSKAF OOK
 KAGGELHOUT



KONTAK ERNST

083 656 4992

www.treecarepta.co.za

www.boomslopings.co.za

